

# Só gee teelwaardes **woema,** sê boer.

Andries Gouws



Mnr. Tito Vorster en sy vrou, prof. Desiré Vorster.

Die meeste beesboere glo eerder hul oë as die syfers van ekonomies belangrike eienskappe. Een boer se welslae wys egter dat hierdie teelwaardes 'n onderneming 'n hupstoot kan gee.

**D**ie tekens is daar dat met die benutting van akkurate teelwaardes daar 'n randwaarde aan teeldiere gekoppel sal word wat dan grootliks die prys vir sulke diere vir veral kommersiële kopers sal bepaal.

Só 'n randwaarde sal aandui watter finansiële voordele so 'n bul vir die koper sal inhou deurdat hy kan verwag om ooreenkomstig meer te kry vir die nageslag van so 'n dier.

Die Simmentaler-Simbra-beestelersgenootskap is op die voorpunt om sy lede voor te berei en in rat te kry om uit die nuwe tegnologie munt te slaan. Vir baie telers is dit egter nog moeilik om te aanvaar dat teelwaardes belangriker is as dít wat hulle met die oog sien.



Vir die Vorsters is die tussenkalfperiode van hul koeie belangrik omdat hulle glo dat dit in die toekoms 'n rol in die waarde van teeldiere kan speel.

Die geheim is om 'n balans te vind tussen teelwaardes en dit wat 'n mens met die oog sien, want die sigbare voorkoms sluit die genetiese vermoë van die dier, die omgewing, voeding en bestuur in.

Maar dit wat die stoetteler verkoop, is nie voeding, bestuur en die omgewing nie, maar net gene. Daarom is dit so belangrik om die regte balans te vind tussen goeie teelwaardes en funksioneel korrekte diere.

Een boer wat besef het dat teelwaardes verdienste het, maar wat gesukkel het om die waarde daarvan hoër aan te slaan as sy beoordeling met die oog, is mnr. Tito Vorster. Hy boer saam met sy vrou, Desiré, op die plaas Lodewykslust by Piet Retief waar hulle hul Delft-Simbra-stoetery bedryf.

Dié twee syferkundiges uit die sake- en akademiese wêreld het in 2004 besluit om die stadsgewoel vir die rustigheid van die plaaslewe te verruil en naas die verbouing van bome en gewasse (mielies, sojabone en aartappels) ook met beeste te boer. In 2003 het hulle deelyds met Simmentalers begin wat hulle in groepe op verskeie plekke aangeskaf het. "Maar dit het nie goed gewerk nie. Die bestuur was nie heeltyds nie, die

bosluse van die 'hele land' broei almal hier uit en ons moes 'n beter aangepaste bees vir ons spesifieke omgewing kry. Ons keuse het op die Simbra geval toe ons in 2004 heeltyds kom boer het," vertel hulle. Vandag boer hulle op vier plase en het 2 500 ha onder bloekom- en wattelbome, 2 400 ha weiding en 500 ha onder gewasse waarvan 200 ha onder spilpuntbesproeiing is.

Dit was nie 'n toevallige keuse nie. Die Simbra is uiters aanpasbaar en kan met die regte bestuur goed vaar op die suurgras van die Hoëveld. Dit is uit 'n dubbeldoelbees geteel en die goeie melkproduksie van die koeie word deur die speenkalwers van hoogstaande gehalte weerspieël, terwyl die voordeel van basterkrag ook in die ras vasgevang is.

Die belangrikste teeldoelwit is vleisproduksie wat bestuur vergemaklik, daar is 'n groot genepool beskikbaar en 'n wye reeks bloedlynsamestellings wat optimale produksie in verskillende omgewings moontlik maak. Daarom is hul slagspreuk: "It's in the Mix".

Hulle het begin deur Brahmanbulle by Simmentalerkoeie te gebruik en die diere na rasegte Simbras op te teel. As hulle vandag terugkyk en besef hoe laag die kostedrempel van die toetrede tot die ras is deur stoetdiere te koop,

"Vir baie telers is dit egter nog moeilik om te aanvaar dat teelwaardes belangriker is as dít wat hulle met die oog sien."

## Só gee teelwaardes **woema,** sê boer.

Foto onder • Dié bul, Ben Bee, is met sy strukturele korrektheid nie net 'n skoukampioen nie, maar ook 'n puik kuddevaar met 'n nageslag in agt kuddes.

sou hulle nie die langer en duurder roete gevolg het nie.

'n Groot voordeel vir dié stadsjapies wat gaan boer het, was dat die diere wetenskap vir telers ál toegankliker geword het. Hul begrip vir die toepassing daarvan het die grondslag gelê vir hul welslae wat in die meegaande grafieke uitgebeeld word.

Daarby is hul telersgenootskap baie innoverend en vooruitstrewend met die voortdurende aanwending en die inwerkingstelling van die nuutste tegnologie. Die stelsels en bestuurshulpmiddels wat hy gebruik om die bestuur van 'n geregistreerde kudde te vergemaklik, help ook.

Mense wat gewoon is daaraan om kennis wetenskaplik in te samel, kan 'n magdom kennis en inligting op die internet en uit ander bronne kry. Hulle gebruik byvoorbeeld die internet om siektes wat hulle nie ken nie, by diere te diagnoseer deur die sigbare simptome in te voer. Selfs die aktiewe bestanddeel van die middels wat gebruik moet word, is daar beskikbaar.

Daarby is die bywoning van seminare, konferensies, boeredae en die deelname aan studiegroepe en advieskomitees noodsaaklik vir volgehoue professionele ontwikkeling. As rekenmeesters verstaan hulle die belangrikheid van winsgewendheid, marginale inkomste, koste per volume wins, verdienste op

bates, gelykspeelpunt en wesensverdiensie, want ná alles is boerdery 'n sake-onderneming.




Maar hoe werk dit vir hulle in die praktyk? Hulle het sowat twee jaar voordat hulle healtyds begin boer het, begin beeste koop en dit op 'n houtplaas, Delft, aangehou, maar die bestuur was ook deelyds.

Toe hulle healtyds in die boerdery was, het hulle die beeste na hul blyplaas, Lodewykslust, verskuif en dadelik begin meet en weeg omdat hulle glo wat jy nie meet nie, kan jy nie bestuur nie.

Die Delft-stoetery is sedertdien uitgebrei tot 'n kudde van 500 geregistreerde diere. Die prestasie van die kudde het binne net vyf jaar van ver benede die rasgemiddelde gegroei tot gelyk met of selfs beter as die rasgemiddelde vir sekere eienskappe.

In grafiek 1 kan 'n mens sien hoe die kudde se gemiddelde gewig op die ouderdom van 200 dae aanvanklik gedaal het en hoe dit sedert hulle teelwaardes begin gebruik het, gestyg het. Die boonste grafieklyn is die rasgemiddelde vir dié eienskap en onder is die kudde se grafieklyn.

Die gemiddelde gewig op die ouderdom van 400 dae word in grafiek 2 uitgebeeld en die gemiddelde karkasgewig in grafiek 3. En al die



## Só gee teelwaardes **woema,** sê boer.



### 'n Rekenaarprogram word gebruik om sulke koeie met die beste pasmaats te paar. Dit verseker daar word vinnig gevorder ten opsigte van ekonomiese belangrike eienskappe wat in hul teeldoelwit vasgevang is.

aanduidings is dat die stygende neiging gaan voortduur en bokant die rasgemiddelde gaan uitstyg.

Hul waarneming is dat baie boere beeste het omdat hulle van diere hou, maar as hulle gaan sit en fyn somme maak, sal hulle sien dié vertakking lewer nie 'n beduidende bydrae tot die boerderyinkomste nie.

'n Mens kan net geld maak uit 'n stoetery as jy dit soos 'n sake-onderneming bestuur, want die winsmarge is baie laag. Hulle het, byvoorbeeld, bereken met 80 stoetkoeie kan die stoetery nie 'n beduidende bydrae lewer tot die inkomste van hul onderneming nie, terwyl dit baie aandag verg. Dit kos hulle R20 000 om 'n stoetbul op 'n velling te plaas.

Vorster boer met die beeste en Desiré doen die dokumente elektronies. Hulle gebruik twee dekteye om twee redes. Die eerste rede is om meer waarde uit hul bulle te kry en die tweede is omdat hulle koeie gekoop het wat lank nie dragtig sou wees as hulle vir die volgende hoofdekyd (Desember tot Februarie) moes wag nie. Só kan hulle van 70 kalwers tot 80 kalwers per jaar van 'n goeie bul kry en bly hul tussenkalfperiode ook binne perke. Hy glo by die bepaling van 'n randwaarde vir teeldiere gaan die tussenkalfperiode 'n belangrike rol speel.

As 'n mens daarna streef om jou stoetery se teelwaardes vinnig te verbeter, móét jy baie bulle gebruik en goeie bulle is duur. Daarom is die paring van die beeste in hul onderneming seker dié belangrikste stap. Net bulle met teelwaardes met 'n akkuraatheid van 75 % en meer word gebruik.

In hul kudde het hulle twee tipes koeie: Die bestendiges wat lyk soos die diere wat hulle graag wil teel en wat gerugsteun word deur goeie teelwaardes. Die tweede groep is die koeie met goeie teelwaardes, wat egter fenotopies nie aan hul vereistes voldoen nie,

maar wat goed genoeg is om met korrektiewe teling 'n nageslag te lewer wat aan al die vereistes sal voldoen.

Die tweede groep koeie word weer verdeel in kleiner groepe wat eenvormig is. Dan sal, byvoorbeeld, 'n meer gespierde bul by die meer rankerige en "plat" koeie gesit word. Korrektiewe teling word ook vir slordige naelvelle en skedes én melkproduksie gedoen.

Daar is egter 'n regstreekse verband tussen langer naelvelle en skedes en 'n mens moet daarteen waak dat jy in dié proses nie die vleisproduksie van die diere strem nie.

Die proses het egter nou al so ver gevorder dat korrektiewe teling al minder gebruik word en sulke diere eerder uitgeskot word omdat daar genoeg koeie/verse is wat aan die vereistes voldoen.

Vir al twee die groepe koeie gebruik hulle 'n rekenaarprogram (Mating Perdictor) wat voorspel wat 'n mens kan verwag as twee diere met spesifieke teelwaardesyfers gepaar word. Die program neem al die faktore in ag om dié diere uit te wys wat jou die vinnigste na jou teeldoelwit sal neem.

Die bul se teelwaardes en ander tersaaklike inligting word

ingesleutel en die program soek dan al die koeie en verse uit wat met dié paring goeie vordering sal verseker. Vorster laat jaag dan dié koeie in 'n kraal en kyk hulle een vir een deur. Hy gooi dié uit wat fenotopies nie inpas by dit wat hy in die oog het nie. Met dié stelsel kry hulle 'n groot persentasie nageslag wat presies in die kol is met geboortegewig, speengewig en groei daarna.

Dikwels is dit nodig om 'n kompromie te tref tussen geno- en fenotipe om na die teeldoelwit te vorder. Vir hom is dit egter die lekkerste as hy diere kan selekteer wat vir hom mooi en reg lyk en waarvan die teelwaardes ook binne die parameters van sy teeldoelwit val.

Die volgende generasie wys of die besluit wat 'n mens geneem het, die verwagte resultaat het. Hulle waak versigtig dat die volwasse koeigewig nie te swaar word nie.

Koeie moet genoeg melk hê, maar hulle is vleisboere en wil nie 'n melkery begin nie.

Hulle speen die kalwers op die gemiddelde ouderdom van sewe maande en sit dan die bul- en verskalwers in verskillende troppe. Wanneer hulle die kalwers speen, doen hulle die eerste seleksie. Die diere wat uitval, word as speenkalwers verkoop.

Om die speenskok te verlig, sit hulle neusringe voor speen vir die kalwers in. Nadat hulle gespeen is, bederf hulle dié kalwers vir drie maande op aangeplante weidings en met 'n produksielek.

Daarna gaan die bulkalwers veld toe waar hulle moet wys hoe hulle daar ontwikkel. Uiteindelik hou hulle sowat 20 % van die bulle om op driejarige ouderdom op hul produksieveiling aan te bied.

Hulle voel hul diere se teelwaardes kom nou vinnig reg. Maar al is 'n bul se syfers hoe goed, skot hulle hom uit as hy nie ook aan die fenotopiese vereistes voldoen nie.

Hulle bederf die verskalwers effens langer sodat hulle op 18 maande gemiddeld 350 kg kan weeg om dan gedek te word.

Die Vorsters laat sowat 40 koeie/verse per jaar kunsmatig insemineer om te verseker van die beste beskikbare bulle word in die kudde ingeweef. Die res laat hulle natuurlik dek. \$+